Windhoek Afrikaanse Privaatskool

Memo

Dinamies. Gefokus. Suksesvol.

Semester 1/2021

Nasorgfasiliteit by WAP

1. Nasorgklasse word behartig deur sewe gekwalifiseerde onderwyseresse:
   * Graad 1 Koba Weitz (081 304 9978) Klaskamer 21
   * Graad 2 Nita van Zyl (081 304 3278) Klaskamer 22
   * Graad 3 Nora Schultz (081 223 4528) Klaskamer 24
   * Graad 4 Cecile Kotzee (081 287 9022) Klaskamer 23
   * Graad 5 Annemarie Botha (081 277 9464) Klaskamer 27
   * Graad 6 & 7 Tossie Liebenberg (081 252 8494) Klaskamer 28

2. **Tye**: Maandag tot Donderdag direk na skool tot 17:15.

3. **Ons bied**:
   - Volle toesig oor leerlinge, binne sowel as buite die klaskamer.
   - Kontrolering van huiswerk (vanweë beperkte tyd kan geen hulp met TAKE verleen word nie.)
   - Hulpverlening aan leerlinge met lees- en klankprobleme. (Dit sal egter nie gespesialiseerde hulp vervang nie.)
   - Gedurende toets- en eksamentye word deeglike voorbereiding gedoen.

4. **Tariewe**: Fooie betaalbaar vir Januarie – April en Junie – November. Geen betaling vir Mei en Desember nie.

   1 leerling – N$600
   2 of meer leerlinge: N$580 elk

   Gelde is betaalbaar **aan die begin van elke maand** (vóór die 7de van elke maand). **Die nasorgfasiliteit is uitgekontrakteer en derhalwe word geen gelde vir hierdie fasiliteit op u skoolfondsrekening gehef nie. Nasorggelde moet elke maand by die betrokke nasorgonderwyser inbetaal word en nie by WAP nie.**

   Ons wil ‘n ernstige beroep op ons ouers doen, om asseblief die betrokke Nasorgonderwyseres vroegtydig in kennis te stel indien ‘n leerling NIE meer die Nasorg gaan bywoon nie.

5. In ‘n noodgeval is ons bereid om u kind teen N$40,00 per dag toe te laat om Nasorg by te woon.

6. Ekstra klere: Leerlinge (veral graad 1 – 3) moet asseblief ekstra “speelklere” saambring. Skoolklere verniel baie wanneer hulle buite speel.

7. Etes: Etes sal beskikbaar wees by die skool se kombuis en word vir ‘n week vooruit by die kantoor inbetaal. Leerlinge moet ook elke dag ‘n ekstra kospakkie en koeldrank saambring, wat tydens hulle etensuur genuttig kan word.

8. Ouers moet kinders asseblief persoonlik by die klaskamers kom afhaal, indien ons nog nie buite speel nie.

10. Nasorgleerling moet asseblief **SLEGS BY COOKSTRAAT** afgehaal word – **NIE BY DRAKENSBERGSTRAAT NIE.**

Kontak ons gerus as u enige probleme ondervind rakende u kind by die nasorg. Baie dankie vir u goeie samewerking.

Koördineerder: Nasorg

INSKRYWINGSVORM: Nasorg by WAP

Naam en van van Ouer: _____

Telefoonnommer: (h)_____ (sel) _____

E-pos adres: _____

Naam van Kind	**Graad**

Voltooi die volgende alleenlik indien u kind nie tot 17:15 in die middae by die Nasorg gaan bly nie.

(Om so effektief moontlik met die kinders te werk, is dit belangrik om te weet hoe laat die kinders afgehaal word vir buitemuurse aktiwiteite.)

Dag	**Tyd waarop u kind afgehaal word**

_____ _____

Handtekening van Ouer/Voog Datum